# Die God van Hoop Deel 2: Hoop, vrees en heiligheid

**(1 Pet 1:3-5)** GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.

**(1 Pet 1:6-8)** Daarin verheug julle jul, al word julle nou as dit nodig is 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus; vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap,

**(1 Pet 1:9/13-15)** en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry. DAAROM, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,

**(1 Pet 1:16-18)** omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,

**(1 Pet 1:19-21)** maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees.

**(1 Pet 1:13)** DAAROM, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en **hoop volkome** op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus.

**(1 Pet 1:14-16)** Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, **moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word**, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

**(1 Pet 1:17)** En as julle Hom as Vader aanroep **wat sonder aanneming** van die persoon **oordeel** volgens elkeen se werk, **wandel dan in vrees** gedurende die tyd van julle vreemdelingskap;

**(1 Pet 1:18-19) omdat julle weet** dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, **maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,**

**(1 John 3:1-3)** Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie. Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.

# TOT VOLGENDE KEER

GAAN WEES 'N GETUIENIS VIR ONS HERE JESUS CHRISTUS


EK IS DIE WEG, DIE
WAARHEID & DIE LEWE
NIEMAND KOM NA DIE VADER TOE
BEHALWE DEUR MY NIE
JOHANNES 14:6